06 Jan

Uitgawe 2010/01/06

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

U kroon die jaar van u goedheid, en u voetspore drup van vettigheid. (**Ps.65:11**). Ons is weereens aan die begin van 'n nuwe jaar, met nuwe uitdagings. Miskien was verlede jaar moeilik en jy is dalk beproef om ontsteltenisse en sogenaamde mislukkings met jou saam te dra in hierdie jaar. Aan God se barmhartigheid is daar geen einde nie, dit is nuut elke oggend. Kies om jou laste vir God te gee en Sy vergifnis te aanvaar en 'n nuwe bladjie elke dag. Vandag het ons die geleentheid om te verbeter, verander, te seën en bemoedig. Indien ons elke dag met so 'n gesindheid kan aanpak in die jaar wat voorlê, kan ons ook sê: "Hy wat alleen groot wonders doen, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. " ***Vader, baie dankie vir U barmhartigheid teenoor ons. Ons lê al ons laste by U voete. Ons aanvaar die vryheid wat slegs deur U Heilige Gees moontlik is.***

Deurbraak : Geloof in tye van vervolging

Die Romeense polisie wou hê dat Pastoor Florescu ander lede van die ondergrondse Kerk aan hulle verskaf sodat die offisiere hulle ook gevange kan neem. Florescu wou nie die name verskaf nadat hulle hom geslaan het nie, en hulle het sy seun Alexander, 'n veertienjarige, gevange geneem en begin slaan. Terwyl Florescu dit aanskou het, het hulle sy seun se liggaam ongenadiglik geslaan. Die offisiere het gesê hulle sal die seun doodslaan indien hy nie die name en blyplekke van sy lede verskaf nie. Florescu kon die slanery nie meer verduur nie en het vir sy seun gesê dat hy gewillig is om die inligting te verskaf. Met 'n gekneusde liggaam en bloed wat by sy neus en mond uitloop, het hy sy pa in die oë gekyk en gesê: "Vader, moet my nie die onreg aandoen om 'n verraaier as 'n ouer te hê nie. Wees sterk! Indien ek sterf, sal ek sterf met Jesus se naam op my lippe." Die seun se moed het die Kommunisties wagte woedend gemaak en hulle het hom doodgemaak terwyl sy pa toegekyk het. Alexander het net nie aan sy geloof vasgehou nie, maar ook sy vader gehelp om dieselfde te doen. (Webruimte: http://www.marthamac.com/persecuted-christians.php#persecuted_christian_testimonies, 25/11/09). ***Bid vir ouers soos Pastoor Florescu wat familie en geliefdes verloor het vir die Evangelie. Bid vir Gelowiges in geslote lande; vra die Here om hulle te help om standvastig te bly in hul geloof in Christus.***

Bid vir jou gemeenskap : Facebook

'n Groep genaamd "moet selfmoord pleeg" is van die sosiale netwerk genaamd *Facebook* verwyder nadat 'n 15-jarige lid deur haar vriende gestop is toe sy van die dak van 'n skool in Hong Kong wou afspring. (Website: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=3&art_id=nw20091126065556764C505188, 26/11/09). ***Bid vir die veiligheid van jongmense op sosiale netwerke soos Facebook; bid dat hulle nie lede sal word van groepe wat hul op enige manier kan skaad nie.***

Suid-Afrika : Regering

Dit is die laaste paar maande voor die begin van die Wêreld Sokker Beker in Suid-Afrika. Leiers moet konstant besluite neem wat ten gunste is van elke burger en toeris wat die land besoek. Neem asseblief die tyd om te bid vir die leiers van die land. Bid vir President Jacob Zuma en die adjunkpresident, mnr. Kgalema Motlanthe, tesame met hulle kabinet, dat hulle die onderskeidingsvermoë sal hê om verstandige besluite te neem wanneer hulle advies van parlementslede en ander leiers kry. ***In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbidding, dankseginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.*** (**1 Tim.2:1-4**).

Internasionaal : Soedan

Sowat 1,2 miljoen mense van Suid-Soedan, wat honderde duisende kinders insluit, kan hongersnood in die gesig staar weens lae reënval. 'n Toename in konflik tussen stamme beteken dat baie familie misplaas word en weggedryf word van waar hul oeste is, wat hulle meer weerloos laat. Daar word beraam dat bykans 2 000 mense doodgemaak is in konflikte tussen stamme. (E-pos: pray@viva.org, 23/11/09). ***Vra die Here om hierdie streek te seën met reënval, sodat hulle nie deur hongersnood geraak word nie. Bid dat die Here die weerlose kinders in Suid-Soedan sal beskerm. Bid dat die Here die oë sal oopmaak van stamme wat met mekaar veg. Bid vir die Christelike bediening in hierdie mensegroepe, en dat hulle vreedsame oplossings vir hul onenigheid sal soek.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com